# OLOFF DIE SEEROWER

No. 8



Skaars het hy die skuiling van die donker skaduwees daaronder bereik of hy hoor voetstappe bokant hom. Deur die sporte van die leer sien hy die man voor hom verby afklim na die middeldek toe waar hy links draai en by die hek in die kantreling gaan staan, loodreg bokant die plek waar Sias en Heem onder die water wag.

Meteens sis die man deur sy tande. Hy herhaal die geluid twee keer saggies voordat Henning dit hier onder die leer beantwoord. Die man kyk doodluiters om hom heen en kom dan nader totdat hy 'n tree van Henning af is.

Sofomslag: Chris du Plooy

# OLOFF DIE SEEROWER

No. 8



# Hoofstuk 1

Admiraal Pierre de la Fonte staan teen die kantreling van die vlagskip van die Franse vloot van ses skepe. Hy kners op sy tande. Die kneukels van sy vingers vertoon wit soos hy die houtreling omklem.

Skaars 'n myl van die vloot af vaar die twee skepe met bollende seile weg. Dit is die Seewraak en die Jansje Meer van Oloff die Seerower, die magtigste en gevreesde van alle seerowers op die Indiese Oseaan—en hy, admiraal Pierre de la Fonte, staan magteloos onderwyl hierdie gesogte prooi verder en verder van hom af wegvaar.

Dan vestig hy sy blik op die klein bootjie wat nader aan die vlagskip geroei word. Agterin die skuit sit 'n jongmeisie en voor haar, in 'n wit laken toegedraai, lê die lyk van haar vader.

Admiraal de la Fonte wend sy blik na die rotsmassa wat soos 'n baken 'n halfmyl regs van hom uit die see verrys. Dit is ver van die gereelde seeroetes af, maar hy weet die plek word Bakeneiland genoem. Vlak voor hom is daar 'n skeur tussen die kranse wat inlei na 'n rustige baai—Seerowersbaai. Hier het 'n seerowerkaptein wat algemeen bekend staan as Swart Freek hom gevestig.

Admiraal de la Fonte was ses weke gelede rustig op pad na Pondicherry, die setel van die Franse goewerneur in Indië. Die huidige goewerneur-generaal, Monsieur Joseph Dupleix, het gedurende die afgelope maande te veel mag vir homself toegeëien en het gebots met die begeertes van die Franse hof. Hy is in kennis gestel dat hy vervang sal word deur Bernhardt du Bois, en admiraal De la Fonte is met die vloot agternagestuur om toe te sien dat die oorskakeling sonder teënstribbeling geskied.

Die klein vloot het voorspoedige winde agter hulle gehad en admiraal De la Fonte het besluit om teen die ooskus van Afrika op te vaar voordat hy die Indiese Oseaan oorsteek. Hy het by Zanzibar aangedoen en hier het sy reis 'n skielike wending onder-

gaan. 'n Paar dae voordat hy daar aangekom het, is 'n brief by die paleis van die Sultan afgelewer om aangepos te word na Frankryk. Hierdie brief is aan De la Fonte oorhandig. Uit hoofde van sy posisie het hy dit oopgemaak omdat daar aan hom meegedeel is dat dit deur seerowers daarheen gebring is, en dat dit heelwaarskynlik 'n losprysversoek sal wees.

Dit was ook so. Swart Freek, die heerser van Seerowersbaai, het die skip waarop Bernhardt du Bois en sy dogter Rynette op pad Indië toe was, voorgekeer en gesink. Hy het die edelman en sy dogter gevange geneem en eis nou 'n fabelagtige losprys vir hulle vryheid.

Pierre de la Fonte is 'n jong man. Hy het vinnig opgang in die vloot gemaak aangesien sy vader 'n magtige edelman in Frankryk is. Hy het dadelik besluit om die taak op eie houtjie aan te pak en sodra hy vasgestel het dat die seerowerskip maar 'n paar dae vantevore weer vertrek het, het hy dit agternagesit.

Gedurende die nag het hy hier by Bakeneiland aangekom. Hy het sy skepe in waaierformasie voor die poort gerangskik en vir dagbreek gewag. Hy sou ingevaar het, maar twee dinge het hom daarteen laat besluit. In die eerste plek is hy deur die bootsman, wat besig was om die diepte te peil, meegedeel dat daar rotspunte onder die seeoppervlakte voorkom. Ten tweede kon hulle hiervandaan vasstel dat 'n hewige geveg binne-in Seerowersbaai woed en De la Fonte was versigtig genoeg om nie sy neus in sake te steek waarvan die omvang vir hom heeltemal onbekend is nie.

Skaars 'n halfuur later het twee pragskepe by die poort uitgevaar. Met die eerste oogopslag moes dit vir hulle duidelik gewees het dat die Franse vloot hulle heeltemal omsingel het.

Toe is die nekslag toegedien. Die twee kaperskepe het die vloot doodluiters meegedeel dat hulle Bernhardt en Rynette du Bois aan boord het. Die Franse moet padgee sodat daar 'n opening vir die seerowerskepe is om deur te vaar of anders sterf die meisie ook, want die nuwe goewerneur-generaal van Indië is reeds dood.

Vir 'n oomblik lank het admiraal De la Fonte met hierdie probleem geworstel. Die grootste eer sal die man toekom wat daarin





slaag om die gevreesde Oloff, aan wie hy vasgestel het dat die twee skepe behoort, gevange te neem of te dood. Maar Oloff het Rynette du Bois in sy mag en dit is om haar en haar vader te bevry dat Pierre de la Fonte hierheen gekom het. Noodgedwonge en met hulpelose woede moes hy aan die seerowers se versoek voldoen. 'n Paar van sy skepe het nader aan die vlagskip gevaar en 'n skeepsboot is neergelaat om die lyk en die gevangene te ontvang. Die boot is halfpad deur seerowers ontmoet en Rynette en haar gestorwe vader is oorhandig.

Nou staan De la Fonte en kyk hoe die twee kaperbote van hom af wegvaar. Hulle is reeds buite trefafstand en hy het klaar met sy kennersoog besluit dat geeneen van sy skepe in staat sal wees om die vlugtende seerowers in te haal nie.

De la Fonte haal sy hande van die kantreling af. Hy bal sy vuiste en steek hulle dan in die groot sakke van sy driekwartbaadjie. Soos 'n moedelose ingehokte dier stap hy 'n keer heen en weer oor die dek en dan wag hy die skeepsboot in.

Hy help self om Rynette du Bois aan boord te kry. Wanneer sy voor hom staan, staar hy haar 'n paar sekondes verstom aan. Gewoond aan die mooistes van die skonere geslag aan die hof van Frankryk, kom hy nou tot die gevolgtrekking dat hy hier voor hom 'n jongdame sien wie se gelyke hy nog nooit teëgekom het nie. Ten spyte van die fyn, rooi aartjies in die wit van haar oë, soos dié van iemand wat bitterlik gehuil het, is haar donkerbruin kykers kalm op hom gerig. Die donker kringe daar om doen geen afbreek aan die volmaaktheid van haar sagte, effense blasse, vel nie. Haar fyn, maar adellike neus bo die ligbewende lippe verskerp die edelheid van haar gelaat waarop die ontbering van haar ontvoering en die verlies van haar vader nie in staat was om spore na te laat nie.

Uiteindelik buig hy diep. Met ontblote hoof sê hy innig:

,,Admiraal Pierre de la Fonte, tot u diens, juffrou du Bois''

Sy kyk hom 'n oomblik stil aan onderwyl die lyk van haar vader aanboord gebring word. Hy kan nie veel ouer as vyf-en-dertig jaar wees nie. Sy skerp oë en sterk gelaatstrekke weerspreek die ryk en spoggerige versierings op sy admiraalsuniform.

Sy knik in erkenning van sy groet. Dan kyk sy angstig na haar vader se lyk.

,,Ons sal hom vandag ter see begrawe, juffrou,'' sê De la Fonte gedemp. ,,My innigste medelye.''

Weer knik sy. Sy het nog geen woord geuiter nie.

,,Dit wil voorkom asof ons net betyds op die toneel verskyn het?'' hervat De la Fonte. ,,Ek neem aan dat kaptein Oloff. . .'' Hy bedwing homself as hy onwillekeurig 'n paar byvoeglike naamwoorde wil inwerp. ,,Dat hy u as deel van sy buit gevange geneem het?''

Weer knik sy net. Hy dink dat sy gespanne is en dat verwarde emosies haar onseker van haarself maak. Hy sou verwag het dat sy redelik verlig behoort te wees noudat sy in veilige hande is.

,,Maar ek is onbeleefd!'' roep hy meteens uit. ,,Laat ek u kajuit aanwys. Wanneer u gerus het en daartoe geneë voel, sal ek u graag wil nooi om ontbyt saam met my te geniet.''

Sy volg hom oor die dek. Hulle gaan by die agterkasteel in en hy ly haar na 'n luukse kajuit in die admiraalskwartiere. Daarna gaan hy terug op dek, en verkeer 'n oomblik in gesprek met die kaptein van die vlagskip. Hulle besluit om daar te wag totdat hy volle besonderhede van Rynette du Bois ontvang het. Hy voel huiwerig om Seerowersbaai in te vaar.

Sy maak haar verskyning by ontbyt. Hy skuif die stoel vir haar in wanneer sy gaan sit. Hy het gereël dat hulle alleen sal wees.

,,U sal natuurlik graag wil weet waarom ek en my vloot hier opgedaag het?'' Voordat sy nog kan antwoord, vertel hy haar kortliks hoe hy die brief in Zanzibar ontvang het en in allerhaas hierheen gekom het. Hy voel dat dit haar meer op haar gemak sal stel as hy voorlopig aanhou met praat. ,,Dit het gelyk of 'n woeste geveg daarbinne plaasvind?'' sluit hy af. ,,Ek moet u sê dat ek geen benul het van wat gebeur het nie en dat dit 'n taamlike skok was toe ek so ewe droog deur daardie seerower, Oloff, aangespreek word. Miskien sal u my die guns bewys om te verduidelik.''

,,Natuurlik, admiraal,'' antwoord Rynette du Bois kalm en daar is 'n trek van weemoed in haar sagte stem wat Pierre de la Fonte se





hart week maak en hom vir die eerste keer in sy lewe laat besef dat ambisie en status nie alles in die wêreld is nie.

,,Swart Freek,'' sy aarsel en dan vervolg sy onderwyl sy hom vas in die oë kyk, ,,Swart Freek het die skip waarop ek en Vader op pad Indië toe was, onderskep. Hy het ons gevangene geneem en wou 'n groot losprys hê. Hy het my gedwing om self daardie brief te skryf maar. . . maar vannag het hierdie. . . kaptein Oloff, soos hulle hom noem, skielik op Seerowersbaai toegesak. Hy het Swart Freek se skepe platgeskiet en my en my vader saam met ander buit geneem. Dit is toe hy sien dat u vloot die poort blokkeer, dat hy my gebruik het om te ontsnap. Gelukkig—of ongelukkig—was hy bewus van vader se identiteit en het gemeen dat hy 'n ooreenkoms met u kan tref vir sy eie veiligheid en vryheid.''

Pierre de la Fonte sit 'n rukkie lank stil. Dit is soos hy reeds afgelei het. Vir hierdie meisie se lewe het hy die grootste kans wat enige man gebied kan word om wêreldroem te behaal deur sy vingers laat glip—hy het Oloff die Seerower laat wegkom.

Maar as hy weer na haar kyk onderwyl sy besig is om aan haar kos te peusel, voel hy meteens dat dit die moeite werd was. Hy het baie meisies geken, maar nog nooit het hy een liefgehad nie en van die oomblik af dat hy die beeldskone Rynette gesien het, het Pierre besef dat 'n groot deel van sy lewe agter die rug is en dat 'n splinternuwe deel vir hom voorlê.

,,U sê dat Swart Freek se skepe en Seerowersbaai as 'n geheel feitlik verwoes is?''

Sy knik. Sy kyk nie op nie en sy brei nie uit op haar antwoord nie.

,,In daardie geval sal ons dadelik ons reis na Pondicherry voortsit. Ons sal Monsieur Dupleix moet gaan meedeel dat u vader nie... nie sy pos sal oorneem nie. Ek sal ook 'n verslag moet terugneem na Frankryk. En hoop nie dat dit u ongerief sal aandoen om my te vergesel nie. Daar is nie eintlik 'n keuse nie.''

,,Natuurlik, admiraal. Ek verstaan.''

'n Paar minute later verlaat sy die eetkajuit. In die gang voor die deur waar hulle haar vader ingedra het, talm sy 'n oomblik en dan stap sy verder. Nadat sy die deur agter haar toegemaak het, werp

sy haar op die bank in haar slaapkajuit neer. Met groot, traanlose oë staar sy teen die oorkantste skot.

Vir Pierre de la Fonte het sy 'n storie vertel wat kort en bondig was. Maar die diepe geheime wat daaragter skuil, sal sy vir ewig en alleen in haar moet ronddra.

Meteens verberg sy haar gesig in die kussing. Sy snik onbeheersd. En tussen die krete deur prewel sy sy naam oor en oor.

,,Oloff, Oloff, Oloff!'' Oloff die seerower, Oloff die gevreesde, Oloff die wrede, die magtige rower en gewetenlose moordenaar. Maar ook Oloff, die man—háár man. Oloff wat sy lewe 'n duisend keer gewaag het deur Swart Freek se onneembare rotsvesting alleen binne te dring en om uiteindelik haar en haar vader se ontspanning sy enigste doelwit te maak. Sy het nie aan De la Fonte vertel hoe hulle eers misluk het en hoe Oloff amper sy lewe ingeskiet het nie. Sy het ook nie vertel van die eienaardige aantrekkingskrag wat sy vir Swart Freek gehad het nie. Uiteindelik om sy eie lewe—en hare—te red, moes sy en Oloff trou. Haar hart het gejuig van 'n onverstaanbare vreugde. Maar haar volle verstand en logika het die vieslike gebeurtenis afgekeur. Om getroud te wees met 'n man vir wie se inhegtenisneming elke moondheid met besittings in die Ooste 'n fortuin sal betaal!

Uiteindelik het Oloff daarin geslaag om Seerowerbaai te verwoes. Gedurende die aanval is haar vader gedood. Buite het die Franse vloot hulle ingewag en moes Oloff haar uitlewer om sy eie lewe te red.

En op sy sterfbed het haar vader haar vertel dat sy maar net sy aangenome dogter is! Uit 'n brokkie hier en daar het sy tot die besef gekom dat sy in werklikheid Swart Freek se dogter is!

Met hierdie geheime moet sy haar toekoms ingaan, die vrou van 'n seerower. . . die dogter van 'n seerower. Sy wat in die fynste beskawing, in die grootste weelde aan die hof van Frankryk grootgeword het—sy met die status van 'n edeldame—Oloff se vrou en Swart Freek se dogter!





Op die rand van die loodregte kranse, teen die voet waarvan reusagtige branders oor die verbrokkelde rotsblokke breek, sit Swart Freek soos een van die swart seeduikers inmekaar gehurk. Die spreireën slaan teen sy donker bebaarde gesig en sy swart oë is op skrefies getrek. Deur die mistigheid voor hom aanskou hy die ses skepe van die Franse vloot.

Vér aan sy regterkant vaar die Seewraak en die Jansje Meer. Dit is die skepe van Oloff die Seerower—Oloff wat met Rynette du Bois en haar vader ontsnap het.

Dit was nog donker toe die aanval op Seerowersbaai geloots is. Swart Freek se skepe is met een felle slag verwoes. Toe die geveg aan wal begin en Swart Freek agterkom dat die meerderheid teen hulle oorweldigend is, het hy gevlug. Hy het by die enigste plek waar 'n mens teen die kranse uit tot bo die rotsmassa kan kom, geklouter. Hiervandaan het hy in die lig van die vlamme van sy brandende skepe gesien hoe die nedersetting in Seerowersbaai in puin gelê word.

Dit was moeilik om agter te kom wie hulle aanvallers was. Maar met daglig het hy die Franse vloot gesien en aanvaar dat dit hulle was. Nie ver daarvandaan nie was Oloff se twee skepe. Hy het die skeepsbote gesien waar hulle na mekaar toe geroei word en hy kon uitmaak dat 'n meisie van die een na die ander oorgeplaas word.

Dit sal Rynette du Bois wees. Swart Freek het genoeg verbeelding om af te lei dat Oloff, wie se skepe byderhand was om met Rynette en haar vader te laat spat, ook deur die Franse vasgekeer is. Hy kekkellag. Dan het Oloff ook maar bedroë daarvan afgekom!

Nou vestig hy sy aandag op die vloot. Eers wanneer die seile gespan word en hulle statig in 'n oostelike rigting wegvaar, klim Swart Freek moeg teen die kranse af. Langs 'n rotslys dobber 'n bootjie. Hiermee roei hy wal toe.

Tussen die smeulende puinhope stap die oorlewendes doelloos rond. Swart Freek roep na 'n paar van sy offisiere en na ure van beraadslaging begin hulle om skerms te bou vir skuiling en gaan hulle die kosvoorrade na om vas te stel hoe lank hulle hier sal kan uithou.

Swart Freek se vloot is vernietig, behalwe die skip van een van sy kapteins, Valkenharm. Valkenharm is die vorige dag van Seerowersbaai af weg met 'n boodskap na die admiraal van Deelenbaai, die hoofsetel van die seerowersgemeenskap van die Indiese Oseaan. Valkenharm behoort binne 'n week of wat terug te keer en dan sal Swart Freek sy wraak neem.

Jare gelede was hy 'n gesiene burger van Engeland. Hy het met 'n edelvrou getrou en hulle het een dogtertjie gehad. Toe is hy vals van moord beskuldig en tot die dood veroordeel. Hy het ontsnap, net om te ontdek dat sy vrou die skande en die verdriet nie kon verduur het nie en dat sy haar eie lewe geneem het. Sy dogter kon hy nêrens vind nie. Hierdie tweede terugslag wrok teen die ganse wêreld gekoester.

As seerower het hy uiteindelik in Deelenbaai beland. Hy het vinnig opgang gemaak totdat hy twee skepe van sy eie gehad het, maar hy het ontevrede geword met die hardhandigheid van die reuse man wat homself die Admiraal van Deelenbaai noem en wat hom gevestig het as alleenheerser van die seerowernes op die weskus van Madagaskar.

Met 'n paar kapteins wat gewillig was om hom te volg, het Swart Freek hom hier in Seerowersbaai, 'n honderd myl noord van Madagaskar, kom ingrawe. Hiervandaan het sy skepe oor die see uitgevaar en met ryk ladings buit teruggekeer. Hy was suksesvol en sy skatte het vinnig vermeerder. Almal het aanvaar dat daar maar één is vir wie Swart Freek hoef terug te staan—kaptein Oloff. Oloff wat Rynette van hom ontneem het—die meisie wat die oë van sy vrou het, wat net sowel sy eie dogter kon gewees het.

Hy stap na die kranse toe agter die plek waar sy huis gestaan het. Hier is sy reuse skatte in grotte toegemessel.

Hiermee sal hy soveel skepe as wat hy ooit nodig mag hê, kan koop. Maar hy is nie van plan om dit te doen nie. Sy vloot sal bestaan uit die Franse skepe wat Seerowerbaai verwoes het. Hy sal soek totdat hy hulle vind. Want vir Swart Freek het dit 'n obsessie geword—selfs groter as sy lewe—om hierdie meisie vir altyd digby hom te hê.





Die twee groot skepe, die Seewraak en die Jansje Meer, wat van die jongste byvoegings tot die vloot van die Nederlands-Oos-Indiese Kompanjie was, maar wat in seerowershande geval het en uiteindelik deur kaptein Oloff toegeëien is, lê rustig in die hawe van Deelenbaai voor anker. Klein golfies klots teen die vaartbelynde swart rompe onder die spierwit seile, dan dein dit weg en spoel op die strand uit. In die halwe kom waarvan die heuwelpunte weerskante in die see uitloop, lê die seerowervesting. Op die rand van die strand is die groot skure en pakhuise waar die seerowerbuit bewaar word. Daaragter staan die lomp plat huise, tapperye en vermaaksale van die dorp versprei. In die sanderige hoofstraat is die Hanekraai geleë: 'n kroeg waar net die hoogste offisiere toegelaat word.

Voor die lang toonbank in die voorsaal staan die ovaaltafel waar die massiewe Admiraal sy hof hou. By hierdie tafel sit net sy gunstelingkapteins.

Dit is kort voor skemer toe twee mans deur die swaaideure kom en 'n oomblik lank bo die paar trappies wat na die vloer van die tapperye aflei, oor die menigte wat daar vergader is staan en kyk. 'n Paar kêrels vlak voor die deur spring op en roep hulle in luide welkomsgroet toe. Die twee mans wuif terug.

„Maar nog dieselfde klomp, nie waar nie?" sê een van hulle. Hy is Henning Roux, kaptein van die Seewraak se susterskip, Jansje Meer. Hy het 'n lang lenige gestalte en skerp gelaatstrekke.

„Ons was darem nie te lank uit Deelenbaai nie," antwoord Oloff onderwyl hulle met die trappies afgaan. Sy vlammende rooi hare is met 'n strik agter in sy nek vasgeknoop. Sy blou oë rus op die toneel voor hom. Sy reëlmatige wenkbroue, neus en mond het amper 'n rustige trek behalwe vir die effense verbittering wat in die afbuiging van die mondhoeke te bespeur kan word. 'n Tree voor sy maat stap hy reg op die hooftafel af. Die Admiraal spring uit sy